**Vrede vir julle! (OP256)**

**Joh 20:19-23**

**26 April 2026**

Ons is besig om die opstanding van ons Here Jesus te oordink. Laasweek het ons geleer dat die Here Jesus waarlik opgestaan het. Ons het veral geleer van Maria Magdalena wat vroeg op die eerste dag van die week na die graf gegaan het. Maar die graf was leeg. Sy het vir Petrus en Johannes gaan vertel. Johannes het die grafdoeke gesien, en het geglo. Maria was egter die eerste persoon wat die Here Jesus lewend gesien het na Sy opstanding. Terwyl sy na die Here Jesus se liggaam gesoek het, het Hy haar gevind en haar op haar naam geroep: "Maria!" Die feit dat die Here Jesus eerste aan 'n vrou verskyn het, bevestig verder dat die opstandingsgebeure werklik gebeur het. Ons het ook gelet op die ooreenkoms van hierdie gebeure met die gebeure in Gen 3. In Gen 3 was dit Eva wat eerste gesondig het, en sy het die boodskap van dood na Adam geneem. Toe hulle wegkruip, was dit God wat gevra het: "Waar is jy?" Dit was ook God wat hulle gevind het. Netso was dit die Here Jesus wat Maria in die tuin gevind het, toe sy gevra het: "Waar is Hy?" Sy is ook boonop die geleentheid gegee om die boodskap van lewe aan die Here Jesus se broers, die dissipels, te gaan oordra.

Vandag wil ek stilstaan by die Here Jesus se verskyning aan die dissipels op die aand van Opstandingsondag. Ek wil dit oordink aan die hand van vier uitsprake van die Here Jesus: (1) "Vrede vir julle!" (v19, 21), (2) "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (v21), (3) "Ontvang die Heilige Gees!" (v22), en (4) "As julle mense se sondes vergewe, is dit hulle vergewe; as julle dit van hulle weerhou, bly dit van hulle weerhou" (v23).

<u>"Vrede vir julle!" (Joh 20:19, 21)</u>

Lees vers 19. Ons lees dit was al laat die aand van daardie eerste dag van die week, m.a.w. laat die aand van Opstandingsondag. Die dissipels was bymekaar. Die dissipels verwys ten minste na die tien dissipels – d.w.s. die twaalf dissipels wat op Donderdagaand in die bovertrek was, uitgesluit Judas Iskariot en ook Thomas, wat nie hierdie aand teenwoordig was nie. Miskien was daar selfs meer persone teenwoordig. Die dissipels het agter geslote deure bymekaar gekom. Dit is heel logies: Immers, die vorige week het die Jode nie rus gehad voor hulle Pilatus oortuig het die Here Jesus moet sterf nie. Op die Vrydag van die vorige week is die Here gekruisig. As die Jode so fanaties was daaroor dat die Here Jesus moes sterf, gaan die Jode dalk nou hulle veldtog voortsit deur te fokus op die dissipels van die Here Jesus? Gevolglik vergader hulle in die geheim.

Maar, toe kom die Here Jesus, ten spyte van die geslote deure, en Hy kom staan tussen hulle. Ons verstaan eenvoudig nie hoe dit vir Hom moontlik was om met Sy fisiese liggaam deur die geslote deure te kon beweeg nie. Ons kan daaroor spekuleer of dit een van die eienskappe is van Sy verheerlikte liggaam na Sy opstanding wat Hom in staat stel om so te kan optree – maar ons weet nie. Maar, geliefdes, wat nog meer verstommend is as die feit dat Hy deur geslote deure kan beweeg, is die feit dat Hy lewe! Ja, vroeër die dag het Hy al aan Maria Magdalena verskyn, en aan die Emmausgangers. Ja, vroeër die dag het Johannes die doeke in die graf gesien, en geglo Hy het opgestaan. Maar skielik is die Here Jesus in hulle midde – almal wat daar teenwoordig is, kan Hom sien – Hy het waarlik uit die dood opgestaan. En dan sê Hy vir hulle: "Vrede vir julle!"

Lees vers 20. Die Here Jesus wys vir hulle Sy hande en Sy sy. In Sy hande is die merke van die spykers waarmee Hy Vrydag aan die kruis gespyker is. In Sy sy is die merk van die spiessteek waarmee die soldaat gewys het Hy het werklik gesterf – dit is die wond waaruit daar Vrydagmiddag water en bloed gevloei het. Hiermee wys die Here Jesus aan hulle dit is werklik Hy. Hy leef werklik. Let op: Hy

wys beide Sy hande en Sy sy. Don Carson merk op, selfs al sou 'n ander gekruisigde opgestaan het uit die dood, sou hy net die merke in sy hande kon wys. Dit was net die Here Jesus wat die spiessteek ontvang het. Dit was werklik die Here Jesus wat daar in hulle midde gestaan het. Lees vers 21. Toe sê die Here Jesus weer: "Vrede vir julle!"

Sien jy dit? Die Here Jesus sê twee keer "Vrede vir julle!", en tussenin wys Hy hulle die merke in Sy hande en sy. Duidelik bedoel die Here Jesus meer as net die tipiese Joodse groet "Shalom" oftewel "Vrede vir julle." As dit al was wat Hy bedoel het, sou Hy dit tog net eenmaal gesê het. Nee, die Here Jesus wil hulle herinner aan wat Hy die vorige Donderdagaand vir hulle in die bovertrek gesê het. Toe het Hy gesê: "Vrede laat Ek julle na – My vrede gee Ek julle. Ek gee dit nie vir julle soos die wêreld dit gee nie. Laat julle harte nie ontsteld en bang wees nie." (Joh 14:27). Donderdagaand was die dissipels ontsteld omdat die Here Jesus gesê het Hy gaan weg. Toe het Hy hulle bemoedig met die versekering dat Hy vir hulle vrede sal nalaat – nie sommer enige vrede nie, nee, Sy vrede – dit is daardie vrede wat die Ou Testament al so dikwels oor gepraat het. Dink maar net aan Jes 9:5-6. Daar is belowe 'n Kind sal gebore word, en Hy sal genoem word: "Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, <u>Vredevors</u>". Daardie Kind sal 'n Vredevors wees, en dan voeg vers 6 by: "Vir die uitbreiding van heerskappy en <u>vir vrede sonder einde</u>, sal Hy op die troon van Dawid en oor Sy koninkryk wees". Jes 57:19 sluit hierby aan: "'Vrede, vrede, vir dié wat naby is, en vir dié wat ver is', sê die Here, 'Ek sal hulle genees'". En nou is dit die aand van Opstandingsondag. En die Here Jesus verskyn in hulle midde en sê: "Vrede vir julle!" En Hy wys Sy hande vir hulle wat bevestig Hy is werklik gekruisig, Hy is die ware Paaslam wat geslag is. En Hy wys Sy sy vir hulle waaruit die bloed, teken van geregtigheid, en die water, teken van heiligheid, Vrydagmiddag gevloei het. En dan sê Hy weer: "Vrede vir julle!" Sy boodskap aan hulle is: Sy belofte van vrede van Donderdagaand is vervul. Trouens daardie belofte in Jesaja en baie ander Ou Testamentiese gedeeltes is vervul. Hulle het nou vrede. Nie wêreldse vrede nie. Nee, die Here Jesus se vrede – dit is vrede met God. Hulle sondeskuld het onvrede tot gevolg gehad tussen hulle en God – maar Hy het geregtigheid daarvoor bewerk. Die dood was die gevolg van die sonde – maar Hy het die dood oorwin. Hulle sonde was die gevolg van die duiwel wat hulle verlei het – maar Vrydagmiddag het Hy ook die duiwel oorwin. Daarom het hulle nou vrede – Sy vrede, vrede met God!

Paulus skryf later oor hierdie vrede. In Fil 4:7 skryf hy: "En die vrede van God, wat alle begrip oortref, sal in Christus Jesus oor julle harte en gedagtes waak." Hoor jy dit? Hierdie vrede is nie maar net wêreldse vrede nie – dit is die vrede van God. En hierdie vrede oortref alle begrip! Jy kan dit eenvoudig nie begryp dat die driemaal Heilige God bereid was om so 'n groot prys te betaal dat Sy Seun moes sterf om vrede met sondaarmense te bewerk nie. Hoor jy dit? Dit is bo ons begrip. Die Heilige Gees sou moes kom om dit aan die dissipels en ons te verduidelik. En, sê Paulus onder die leiding van die Heilige Gees, hierdie vrede sal in Christus oor ons harte en gedagtes waak – ook in die tyd wat die Here Jesus weg is en in die hemel by die Vader is. Hy laat vir ons vrede met God na, 'n vrede so heerlik dat ons die Heilige Gees nodig het om ons darem 'n mate van begrip te gee van hierdie vrede – en dit is hierdie vrede met God wat oor ons harte en gedagtes waak om nie moedeloos of ontsteld of bang te word nie! Dit moet ons tog bemoedig!

Maar hierdie vrede wat die Here Jesus vir ons bewerk het, waarin ons ons mag verlustig, moet ook 'n aansporing wees – die Here Jesus maak dit duidelik in wat Hy verder gesê het die aand van Opstandingsondag.

<u>"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh 20:21)</u>

Lees weer vers 21. Die Here Jesus gaan direk voort, en voeg by die heerlike waarheid dat die dissipels nou Sy vrede mag hê, dat dit hand aan hand loop met 'n verantwoordelikheid: Soos die

Vader Hom gestuur het, so stuur Hy nou ook die dissipels. Die boodskap dat daar vrede met God is, mag nie beperk bly tot die groepie wat daardie aand agter die geslote deure gesit het nie. Nee, hulle word gestuur om daardie boodskap te versprei.

Daar was al baie debat oor die presiese betekenis van die Here Jesus se woorde: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Sommiges redeneer dit beteken die dissipels, en by implikasie dan ook die kerk, moet doen presies wat die Here Jesus destyds gedoen het – d.w.s. soos wat die Here Jesus siekes gesond gemaak het, hulpbehoewendes gehelp het, gepreek en geleer het – die kerk moet netso optree. Ander is meer skepties, en redeneer ons kan tog nie presies doen wat die Here Jesus gedoen het nie: Immers net Hy is die ware Paaslam wat ware geregtigheid bewerk het – die kerk kan mos nie dit ook gaan doen soos Hy dit gedoen het nie.

Ek dink Don Carson vat die beginsel van wat die Here Jesus gesê het akkuraat vas. Hy redeneer soos volg: Ons moet die konteks van die Johannes-evangelie onthou. In Joh 5:19 het ons al geleer dat die Here Jesus gesê het dat Hy niks uit Sy eie doen nie, nee, Hy doen net wat Hy sien die Vader doen. In Joh 5:30 het Hy gesê: "Uit Myself kan Ek niks doen nie. Ek oordeel volgens wat Ek hoor, en My oordeel is regverdig, omdat Ek nie My wil nastreef nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het." Hieruit is dit duidelik die Here Jesus was baie diep onder die indruk dat Hy deur die Vader gestuur is met 'n spesifieke opdrag, en Hy het een begeerte, en dit is om hierdie opdrag akkuraat uit te voer. Wat is hierdie opdrag van die Vader? Uit Joh 3:17 weet ons die Vader het die Seun na die wêreld gestuur sodat die wêreld deur Hom verlos kan word, of soos Johannes die Doper gesê het: "Die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem" (Joh 1:29). Opsommend: Die Vader het die Here Jesus gestuur. Hy het Hom na die wêreld gestuur. Hy het Hom gestuur om verlossing van sondes te bewerk. En die Here Jesus was gehoorsaam aan Sy Vader, en het Sy opdrag uitgevoer.

Kom ons keer terug na wat die Here Jesus daardie aand gesê het: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Die Johannes-evangelie plaas baie klem op die Here Jesus se gehoorsaamheid aan Sy Vader se opdrag. Wel, sê die Here Jesus nou vir die dissipels, dit is wat Hy ook nou van hulle verwag. Soos wat Hy gestuur is deur Sy Vader, en gehoorsaam was aan Sy Vader – netso gaan Hy hulle ook nou stuur, en Hy verwag dat hulle ook gehoorsaam sal wees, soos wat Hy gehoorsaam was. Sy Vader het Hom na die wêreld gestuur. En Hy stuur nou ook Sy dissipels na die wêreld. Immers het Hy Donderdagaand al aan hulle verduidelik hulle is nie meer deel van die wêreld nie, want Hy het hulle uitgekies (Joh 15:19). Immers het Hy ook al Donderdagaand vir hulle verduidelik Hy stuur hulle juis sodat hulle moet gaan getuig (Joh 15:27). Soos wat die Here Jesus gehoorsaam was aan Sy Vader toe Hy Hom na die wêreld gestuur het, so moet die dissipels ook nou gehoorsaam wees aan die Here Jesus noudat Hy vrede vir hulle met God bewerk het, en noudat Hy hulle na die wêreld stuur. Ja, hulle opdrag is nie presies dieselfde as Sy opdrag nie – net Hy kon geregtigheid en vrede bewerk, maar hulle opdrag is verwant aan Sy opdrag: Hulle moet hierdie feit dat Hy vrede en geregtigheid bewerk het, na die wêreld neem en die wêreld daarmee gaan konfronteer.

Hierdie opdrag van die Here Jesus is effektief dieselfde opdrag as die bekende sendingopdrag waarvan ons lees in Mat 28:19-20: "Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." Dit was die opdrag van die Here Jesus die aand van Opstandingsondag. Dit was ook die opdrag van die Here Jesus met Sy hemelvaart. Dit is ook steeds die opdrag aan die kerk – ons is getuies wat na die wêreld gestuur is om die boodskap van vrede te verkondig. Die Here Jesus verwag dat ons aan hierdie opdrag gehoorsaam sal wees, soos wat Hy gehoorsaam was toe Sy Vader Hom na die wêreld gestuur het.

Deur die loop van die geskiedenis was daar baie verskillende maniere waarop gelowiges hierdie opdrag uitgevoer het. Die gevolg is dat daar vandag, meer as 2000 jaar later, steeds Christengelowiges in hierdie wêreld is, en steeds moet die boodskap verder geneem word. Ons moet die Here prys vir al hierdie werk.

En tog is ek ook bekommerd: Bekommerd oor krimpende getalle in behoudende kerke. En die vraag waaroor ek wonder is: Doen ons genoeg? Ek verstaan, nie almal is geroep om voltydse sendelinge te wees nie. Maar doen ons genoeg om uit te gaan en te gaan getuig? En daarmee saam wonder ek: Is die gebrek aan ywer nie dalk toe te skryf aan die feit dat ons nie opgewonde genoeg is oor die vrede met God wat die Here Jesus vir ons bewerk het nie? Verstaan ons werklik hoe groot die wonder is dat ons vrede met God mag hê? Kan ons met integriteit getuig vers 20 is van ons waar: "Die dissipels was verheug toe hulle die Here sien." Of is ons dalk van mening die krisis was nie so groot nie, en die prys wat die Here Jesus betaal het, was nie so groot nie? Is dit dalk hoekom ons so min ywer aan die dag lê om te gaan getuig?

<u>"Ontvang die Heilige Gees!" (Joh 20:22)</u>

Lees vers 22. Noudat die Here Jesus dit duidelik gemaak het dat Hy die dissipels na die wêreld stuur, sê Hy ook vir hulle: "Ontvang die Heilige Gees". Wel, Donderdagaand het die Here Jesus hulle ook hieroor ingelig. Hy het hulle toe beloof dat Hy die Vader sal vra om wanneer Hy weg is, vir hulle 'n ander Parakleet te gee – en hierdie Parakleet is die Gees van die waarheid. Maar, het die Here Jesus toe verduidelik, die wêreld kan nie die Heilige Gees ontvang nie – want die wêreld ken Hom nie, want hulle ken nie die waarheid nie (Joh 14:16-17). Maar die dissipels kan die Heilige Gees ontvang – immers is hulle nie meer in die wêreld nie, en hulle ken die Here Jesus, en Hy is die waarheid.

Maar Donderdagaand het die Here Jesus ook aan hulle verduidelik dat die Heilige Gees nie sal kom voordat die Here Jesus weggaan nie (Joh 16:7). Ons het destyds toe ons Joh 16 oordink het daaraan aandag gegee dat die Heilige Gees eers sou kom om Sy werk te doen nadat die Here Jesus Sy verlossingswerk afgehandel het. Ja, dit is so, oor die afgelope paar dae het die Here Jesus reuse vordering gemaak met Sy werk: Hy het geregtigheid bewerk, Hy het die duiwel oorwin, en Hy het die dood oorwin. Vanuit daardie hoek gesien, kan ons begin wonder of dit dalk nou die tyd is wat die Heilige Gees uitgestort sal word. Donderdagaand het die Here Jesus ook aan hulle verduidelik wat die Heilige Gees gaan doen wanneer Hy kom. Daar is 3 rolle wat die Gees gaan vervul (Joh 16:8-14):

- Hy gaan die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel.
- Hy gaan die dissipels in die volle waarheid inlei.
- Hy sal die Here Jesus verheerlik deurdat wat Hy van die Here Jesus ontvang, aan die dissipels sal bekend maak.

Wel, ek vertrou die argument van die Here Jesus se gesprek met die dissipels begin sin maak. Op Vrydag het Hy aan die kruis gesterf, nadat Hy geregtigheid bewerk het en die duiwel oorwin het. Vroeg op hierdie Sondagmôre het Hy opgestaan – Hy het ook die dood oorwin. En nou, laat in die aand, verskyn Hy aan die dissipels. Nou kan Hy vir hulle sê: "Vrede vir julle" – want Hy het vir hulle vrede bewerk sedert Vrydag tot op daardie Sondagoggend. Maar bo en behalwe die vreugde wat hierdie vrede vir hulle moet bring, het Hy ook nou 'n verwagting van hulle: Hy stuur hulle na die wêreld toe om die vredesboodskap daar te gaan verkondig. Hulle moet hierin gehoorsaam wees, soos wat Hy gehoorsaam was aan Sy Vader se opdrag aan Hom. Maar die Here Jesus weet hulle het hulp nodig. Hy het dit al Donderdagaand aan hulle verduidelik, en Hy het toe al beloof dat Hy wanneer Hy weggaan, aan hulle 'n ander Parakleet sal gee – die Heilige Gees. Die Heilige Gees gaan verskeie rolle vervul: Die Heilige Gees gaan die dissipels lei om deeglik die waarheid te verstaan wat

die volle rol en werk van die Here Jesus behels. Sodoende sal die Heilige Gees die Here Jesus verheerlik – want die dissipels sal nou goed verstaan wat die werk van die Here Jesus alles behels. Maar die Heilige Gees het ook 'n rol om te vervul wanneer die dissipels na die wêreld gaan om daar die vredesboodskap te verkondig. Die punt is dit: Die wêreld kan nie die Heilige Gees ontvang nie – want die Heilige Gees is die Gees van die waarheid, en hulle ken nie die waarheid nie. In God se wysheid, het Hy besluit dat Hy die gelowiges gaan gebruik om oor die waarheid te getuig. En die Heilige Gees sal dan saam met hulle getuig – en dan sal die Heilige Gees die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. En daarom is dit so betekenisvol en bemoedigend dat die Here Jesus net na Hy vir Sy dissipels gesê het hulle is gestuur, sê Hy ook: "Ontvang die Heilige Gees." Hulle kan seker wees dat die Heilige Gees hulle sal ondersteun wanneer hulle uitgaan om te getuig.

Die vraag is egter: Wat het op daardie Sondagaand gebeur? Was dit die werklike uitstorting van die Heilige Gees? Maar ons weet tog dat die Heilige Gees eers later uitgestort is na die Here Jesus se hemelvaart in Hand 2 – dit is eers oor 50 dae. Daar was al baie debat oor wat Johannes bedoel het met vers 22:

- Sommiges het hierdie al beskryf as iets soos 'n mini-uitstorting van die Gees. Daar is al geredeneer op daardie Sondagaand is die dissipels besprinkel met die Heilige Gees, maar in Hand 2 is hulle ten volle gevul met die Heilige Gees.
- Daar is al geredeneer hier het die dissipels net die Heilige Gees ontvang om tot die lewe in Christus te kom, terwyl in Hand 2 het hulle ook die Heilige Gees ontvang om hulle bedieningswerk te kan doen.
- Daar is al geredeneer siende dat Johannes nie self die hemelvaart en uitstorting van die Heilige Gees beskryf nie, het hy dit hier ingewerk om die teologiese betekenis van die uitstorting nie te laat verlore gaan nie.

Let egter op die volgende: Meeste Afrikaanse vertalings sê: "Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle". As jy na die 1953 OAV gaan, sien jy die woorde "op hulle" is kursief gedruk. Verskeie kommentatore maak die punt dat die woorde nie in die oorspronklike teks staan nie – dit word veronderstel. Eintlik staan daar net: Die Here Jesus het geasem. Nou, die woorde asem, wind of lug word dikwels met die Heilige Gees verbind. Ons begin die idee kry dat die Here Jesus net geasem het hulle sal die Heilige Gees ontvang, maar dit beteken nie noodwendig hulle het dit al daardie aand ontvang nie. In elk geval, as hulle werklik daardie aand die Heilige Gees ontvang het – hoekom het Thomas dit dan gemis, en hoekom het Thomas nie die volgende week ook die Heilige Gees ontvang nie? Verder, as hulle reeds die Heilige Gees ontvang het, hoekom lees ons in Joh 21 dat hulle weer gaan visvang het? Dit is so anders as in Hand 2 waar ons sien hoe die uitstorting van die Heilige Gees 'n dramatiese uitwerking op die dissipels en die gelowiges gehad het.

In elk geval was die verheerliking van die Here Jesus ook nog nie op hierdie Sondagaand voltooi nie. Ja, Hy het reuse vordering getoon. Maar Sy hemelvaart is deel van Sy verheerliking – dit is dan wat die Vader Hom terug sou verwelkom en aan Sy regterhand sou laat sit – dit is dan wat Hy weer die heerlikheid sal hê wat Hy gehad het voor Hy mens geword het, en dit is eers dan dat die Heilige Gees sal kom om oor Sy heerlikheid te getuig. Ek is dus van mening dat die Here Jesus hier weer die noodsaak aan die Heilige Gees onderstreep, maar dit is nie die uitstorting van die Heilige Gees self nie.

"As julle mense se sondes vergewe, is dit hulle vergewe; as julle dit van hulle weerhou, bly dit van hulle weerhou" (Joh 20:23)

Lees vers 23. En dan sluit die Here Jesus Sy gesprek af met die stelling: "As julle mense se sondes vergewe, is dit hulle vergewe; as julle dit van hulle weerhou, bly dit van hulle weerhou". Hierdie stelling vloei logies voort uit die feit dat die dissipels na die wêreld gestuur is om daar die boodskap van vrede te gaan verkondig. Dit vloei ook logies voort uit die feit dat die Heilige Gees hierdie getuienis gaan gebruik om die wêreld te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Die feit van die saak is, wanneer die dissipels en die Heilige Gees getuig, gaan daar een van twee reaksies wees: Sommiges in die wêreld gaan die boodskap glo – en hierdie mense se sondes sal dan vergewe word, terwyl daar ander sal wees wat nie die boodskap gaan glo nie – en hulle sondes sal dan nie vergewe word nie. Ek glo die beginsel is vir ons almal duidelik. Daar is egter twee sake rakende hierdie uitspraak van die Here Jesus wat bietjie verdere toeligting nodig het:

- Dit klink vreemd as ons hoor: As die dissipels mense se sondes vergewe, dan is hulle sondes vergewe; en as hulle nie mense se sondes vergewe nie, dan is die mense se sondes nie vergewe nie – immers is dit tog net die Here God wat sondes kan vergewe, en slegs wanneer iemand in die Here Jesus glo as sy persoonlike Verlosser. Dit is tog nie die rol van die dissipels nie, is dit nie? Ja, natuurlik is dit die Here God wat sondes vergewe en nie die dissipels nie. Verskeie kommentatore lig uit die woorde "is dit hulle vergewe" of "is dit hulle nie vergewe nie" dui op die staat van hierdie twee groepe mense – hulle staat is dat hulle deur die Here God vergewe is, of hulle is nie vergewe nie – dit is hulle staat, dit is wat hulle is, hulle is of vergewe of nie – afhangend van of hulle glo of nie. Wat die dissipels doen, is om te getuig dat as die staat van die persoon is dat hy vergewe is, dan sê hulle ook hy is vergewe. En natuurlik omgekeerd. Die maatstaf wat die dissipels kan gebruik om te bepaal of iemand die staat van vergifnis het of nie, is deur te oordeel of die persoon glo of nie. As hulle oortuig is die persoon glo, mag hulle ook vrymoedigheid neem om teenoor die persoon te getuig hy is vergewe. Natuurlik is die oordeel van die dissipels nie onfeilbaar nie. Maar dit lyk my die Here Jesus se doel met hierdie stelling was om die dissipels onder die indruk te bring van hoe groot die verantwoordelikheid is waarmee hulle uitgestuur word: Hulle moet getuig onder die leiding van en in samewerking met die Heilige Gees – en die gevolg daarvan is dat die persoon teenoor wie hulle getuig se sondes kan of vergewe word of nie, en dit het ewigheidsimplikasies. Die Here wil hulle aanmoedig om hierdie groot verantwoordelikheid te gaan nakom, maar hulle moet dit met groot erns gaan doen – die sondevergifnis van die persoon teenoor wie hulle getuig, is op die spel.
- Daar word soms geredeneer hierdie stelling van die Here Jesus is dieselfde as waarvan ons in Mat 18:18 lees rakende die sleutels van die koninkryk. Daar sê die Here Jesus dat Hy aan die dissipels die sleutels van die koninkryk sal gee – en gevolglik wat hulle toesluit op die aarde, sal in die hemel ook toegesluit wees, en wat hulle hier oopsluit, sal ook in die hemel oopgesluit wees. Ek stem egter saam met die kommentatore wat uitlig daar is 'n verskil: In Mat 18 is die fokus op die toepassing van dissipline en tug, terwyl die fokus in Joh 20 is op die kerk se roeping om uit te gaan en die vredesboodskap te gaan verkondig.

Die punt van die Here Jesus is: Die dissipels moet gaan getuig in die wêreld. Sommiges mag die getuienis glo – geloof wat gewerk is deur die Heilige Gees wat saam met die gelowiges getuig. Aan hierdie persone mag die dissipels die versekering gee: Julle sondes is vergewe, en dus, julle mag ook deel in die vrede met God. Wat 'n voorreg om die boodskap te mag dra.

<u>Afsluiting</u>

Ek is van mening hier is twee baie belangrike punte wat voortspruit uit hierdie ontmoeting van die Here Jesus met die dissipels op daardie Opstanding Sondagaand:

- Die Here Jesus het waarlik opgestaan, en deur Sy sterwe en opstanding het Hy waarlik vrede bewerk – nie die vrede waarin die wêreld belangstel nie, maar wel Sy vrede, dit is vrede met God. Nie alle mense deel in hierdie vrede nie, net die wat in die Here Jesus glo. Al die spanning en konflik tussen die Here God en hierdie gelowiges is aangespreek en opgelos deur die Here Jesus, en hierdie mense mag hoor: "Vrede vir julle!" Hulle behoort hulle in hierdie vreugde te verlustig. Trouens, dit moet oor hulle harte en gedagtes waak. Hoe beter hulle verstaan hoe ver hulle van God was, hoe beter sal hulle begryp hoe groot hulle vreugde behoort te wees oor hierdie vrede waarin hulle mag deel. Hulle mag ongekende vreugde beleef.
- Saam met die vreugde oor hierdie vrede, is daar ook 'n groot verantwoordelikheid, wat ook 'n groot voorreg is. Die Here God het dit so gewil dat hierdie vredesboodskap ook na die wêreld geneem moet word. Daarvoor wil Hy die dissipels en die gelowiges gebruik. Hulle moet dit nougeset uitvoer – dit is 'n belangrike taak – die ewigheidsbestemming van mense is op die spel. Omdat dit so 'n belangrike taak is, stuur die Here die Heilige Gees met die doel om die dissipels en gelowiges toe te rus sodat hulle effektiewe en insigvolle getuies mag wees, en ook met die doel om die wêreld te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Almal wat positief reageer op hierdie boodskap mag verseker word van sondevergifnis, en mag die verwagting hê van die ewige lewe saam met God. Wat 'n heerlike voorreg is dit nie om op hierdie manier medewerkers te mag wees van die Here Jesus in samewerking en onder leiding van die Heilige Gees. Mag ons elkeen die gawes wat die Here God aan ons gegee het, aktief en ywerig gebruik om hieraan mee te werk.